PALS NUUS MAART 2016

Geagte Meneer / Dame

SKAKELING MET REGERING

1. Die CEO van die National Agricultural Marketing Council (NAMC), Ronald Ramabulana het die PALS Kantoor en verskeie PALS projekte besoek op 10 en 11 Februarie 2016. Mnr Ramabulana is aangestel deur die Departement Grondsake om koordinering en kommunikasie tussen die verskillende Regeringsdepartemente te bewerkstellig om sodoende die vordering van PALS projekte te bespoedig.

2. Goeie vordering word tans gemaak met Regering op hoë vlak om momentum te behou. Die onlangse besoek van Ronald Ramabulana op 10-11 Februarie 2016, na afloop van vroeë gesprekke met die DG Grondsake, is besig om belangrike rolspelers in verskillende Staatsdepartemente aan boord te kry om die nodige ondersteuning vir die uitrol van PALS projekte te verkry. Mnr. Ramabulana en verskeie DG's van verskillende Staatsdepartemente besoek vandeesweek die PALS Kantoor om opsommings van die verskeie PALS projekte te kom bestudeer.

3. Besoek is op 7 Maart 2016 by die kantoor van die Wes-Kaapse Direkteur van die Departement Waterwese, Mnr. Rashied Khan afgelê. Die doel van die besoek was om die uitstaande water-kwessies met die Direkteur te bespreek, asook verdere vertragings met die nodige permitte en goedkeurings uit die weg te ruim.

Mpy Reg Nr / *Co Reg No*: 2015/164704/08
Telefoon / *Telephone*: 023 316 1191
E-pos / *E-mail*: lennox@wpals.co.za
Posbus / P O Box: 79 CERES, 6835
Voortrekkerstraat / *Voortrekker Street* 84
CERES 6835

Direkteure / *Directors*: Pieter du Toit (Chair), Raymond Koopstad (Vice Chair), Francois Malan (Member Executive Committee), Tommy Mona, Petri Fourie, Inus Oosthuizen, Jaffie Galant, Nicholas Dicey, Peter Wolfaardt, Robert Graaff

ESKOM

4. Die gesamentlike aksiegroep bestaande uit afvaardigings van Agri Witzenberg, Ceres Business Initiative (CBI), Witzenberg Munisipalitiet en PALS het reeds op 4 Maart 2016 kontak gemaak met Eskom op hoë vlak om ‘n dringende vergadering te belê. Die doel van die vergadering is om ‘n voorlegging rakende die gebrekkige kragtoevoer in die Witzenberg area te maak, in belang van die beplande uitbreidings in infrastruktuur, ekonomiese groei en werkskepping in die area oor die volgende 3-5 jaar. Die aksiegroep is tans in afwagting op Eskom se bevestiging van ‘n datum vir sodanige vergadering.

OPLEIDING

5. Goeie vordering word gemaak met die voorbereiding van die PALS opleiding befonds deur AECI. Ons bedank graag die projekte wat reeds hul nominasies aangestuur het na die PALS kantoor. Die PALS kantoor, in samewerking met die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum, sal u binnekort verwittig van die datums vir die eerste opleidingsessies.

6. Die bedryfshoof van die PALS Sentrum, Lennox Plaatjies is tans besig om deeltyds te studeer aan ‘n Nagraadse Diploma in Grondhervorming aan die Universiteit van Wes-Kaap (UWK). Hy het reeds vir 3 weke klasse bygewoon vanaf 15 Februarie to 4 Maart 2016 en sal weer vanaf 18 Julie tot 5 Augustus 2016 klasse bywoon.

BELASTINGVRYSTELLING

7. Graag wil ons u herrinner daaraan dat die PALS Kantoor staatmaak op u volgehoue ondersteuning. Skenkings aan die PALS maatskappy deur donateurs is belastingaftrekbaar kragtens Artikel 18A van die Inkomstebelasting Wet, aangesien PALS reeds die nodige vrystelling gekry het as Openbare Weldaadsorganisasie.

ANDER GESPREKKE EN INISIATIEWE

8. Die PALS Kantoor is voortdurend in gesprek met die Weskaapse leierskap van AFASA om goeie samewerking en gereelde interaksie tussen albei organisasies te bevorder, na afloop van susksesvolle samesprekings op 14 Desember 2015.

9. Die PALS Kantoor gaan ook voort om gesprekke met plaaswerkers en leiers te belê, waarby werkers ingelig word rondom die PALS inisiatief asook enige onduidelikhede en vrae hanteer

word. U kan gerus vir Lennox of Izak skakel by die PALS Kantoor om te reël vir ‘n inligtingsessie met u werkers.

Vriendelike PALS groete

WITZENBERG PALS (PARTNERS IN AGRI LAND SOLUTIONS)
Telefoon / *Telephone*: 023 316 1191
E-pos / *E-mail*: lennox@wpals.co.za / gerrit@jvanvuuren.co.za
Posbus / P O Box: 79 CERES, 6835
Voortrekkerstraat / *Voortrekker Street* 84
CERES 6835